Tweede Adventsondag
Eksodus 34:1-10:
God se outobiografie!

Ons lees vandag ’n gedeelte wat gaan oor ’n fantastiese verhaal van ’n man wat ’n persoonlike verhouding met God gehad het en ons lees hoe hulle heel intiem met mekaar gesels. Ons spring met ons teks binne-in een van hulle gesprekke in.

Skriflesing: Eksodus 34:1-10
1. Die Here het vir Moses gesê: “Kap vir jou twee kliptafels uit, soos die eerstes. Ek sal op die tafels die woorde skryf wat op die eerste tafels was, wat jy aan stukke gebreek het. 2. Wees teen die oggend gereed. Klim dan die berg Sinai in die oggend uit, en staan gereed vir My daar op die kruin van die berg. 3. Niemand mag saam met jou opklim nie. Ook mag niemand op die hele berg te sien wees nie. Selfs kleinvee of grootvee mag nie voor hierdie berg wei nie.” 4. Nadat hy twee kliptafels soos die eerstes uitgekap het, het Moses vroeg die oggend opgestaan en teen die berg Sinai uitgeklim, net soos die Here hom beveel het. Hy het die twee kliptafels met hom saamgeneem. 5. Die Here het in die wolk neergedaal en daar by hom plek ingeneem en die Naam “die Here” uitgeroep. 6. Die Here het reg voor hom verbygegaan en uitgeroep: “Die Here, die Here, 'n barmhartige en genadige God, geduldig, oorvloedig in troue liefde en waarheid, 7. wat troue liefde vir duisende bly handhaaf, wat skuld, oortreding en sonde vergewe, maar wat beslis niks ongestraf laat nie, wat vir die sondeskuld van ouers, kinders en kleinkinders laat boet, ook die derde en vierde geslag.” 8. Moses het haastig op die grond gekniel en in aanbidding gebuig.

Inleiding:
Deur die eeue is dit vandag nog so dat as ons in iemand belangstel wil ons weet wie hulle is, waar hulle vandaan kom en wat hulle naam is. Ons vra vir mense en ons lees boeke, maar die beste manier om te weet wie iemand is, is om vir hulle direk te vra. Dit veronderstel dat jy ’n verhouding aanknoop en mekaar dan al hoe beter leer ken.

Dit werk presies ook so met God – ons lees boeke oor God en wat ander mense van God dink en hoe hulle hom beskryf. Ons luister na geestelike musiek en hou van sekere liedere want dit resoneer met hoe ons oor God dink. Die beste manier om

egter vir God te leer ken is om ’n persoonlike verhouding met hom aan te knoop en by hom self te hoor wie Hy is. Dit is wat in Eksodus 34 gebeur.

Die teks word deur geleerdes as een van die kern tekste in die Bybel beskou. As teoloë die waarde van ’n teks probeer bepaal sal hulle kyk hoeveel kruisverwysings daar in die Bybel is na die teks. As ons die beginsel toepas sal ons moet saamstem dat dit ’n baie belangrike teks is. Neem die volgende in ag:

- Hierdie teks word later deur Moses gebruik in Numeri 14:18 om God te herinner aan wie hy is.
- Nehemia bely sy sonde en herinner God aan wie hy is in Nehemia 9:17
- Jeremia haal die teks aan as hy die Babiloniese gevangenskap tegemoetgaan in Jeremia 32.
- Die psalmboek is vol van aanhalings van die teks – Psalm 103:10; 116:5; 145.
- 2 van die klein profete ken die teks uit hulle harte uit. Joël haal die teks aan in Joël 2:12-13 en Jona haal die teks aan in

Jona 4:1-2
1. Hieroor was Jona baie ontevrede en hy het baie kwaad geword. 2. Hy het tot die Here gebid en gesê: “Ag, Here, ek het dit geweet toe ek nog in my land was. Daarom het ek reg in die begin na Tarsis toe gevlug. Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het.

Ons kry skadu’s van die teks in tekste soos;

- Deuteronomium 5,
- 1 Konings 3,
- Klaagliedere 3,
- Daniel 9 en Nahum 3.

Letterlik al die Bybelskrywers het geweet dat Eksodus 34 ’n fundamentele uitspraak oor God is. Dit is die absolute basis van wie God is. Hoekom dink al die Bybelskrywers so? Want dit is die enigste plek in die Bybel waar God homself beskryf. Ons kan dit so stel – dit is God se outobiografie.

’n Biografie is wanner iemand anders ’n boek sou skryf of ’n opmerking oor my sou maak. Dit vind ons baie in die Bybel. Die bekendste is seker Matteus 16:16 as Jesus vir sy dissipels vra wie sê die mense is ek – dit is biografies. ’n Outobiografie is egter wanneer ek vir julle sê wie ek is.

In Eksodus 34 vind ons die enigste plek waar God sê wie hy is – sy outobiografie. En dit is kort en kragtig – net 2 verse lank:

> Eksodus 34:6-7
> 6. Die Here het reg voor hom verbygegaan en uitgeroep: “Die Here, die Here, 'n barmhartige en genadige God, geduldig, oorvloedig in troue liefde en waarheid, 7. wat troue liefde vir duisende bly handhaaf, wat skuld, oortreding en sonde vergewe, maar wat beslis niks ongestraf laat nie ... ”

Die heel eerste ding wat ek doen as ek jou vir die eerste keer ontmoet is om myself voor te stel: “Hallo my naam is Richard”. Die Here doen presies dieselfde. Hy kom gee vir ons sy naam.

Letterlik in Hebreeus staan hier: “Jahwe, Jahwe El”. Ons sou dit vertaal as: “Die Here, die Here, God”. Dit is asof God homself kom voorstel.

Jahwe El
יהוה אל

Dit is die enigste plek in die hele Bybel waar hierdie formule of samestelling vir God se naam voorkom.

Die Hebreeuse woord “El” is ’n generiese term wat God beteken, of dan ’n semantiese domein (betekenis veld) woord wat kan verwys na enige god, ook afgode. Dit is algemeen maar die woord Jahwe is baie spesifiek. Dit beteken “Ek is”.

Hoekom gebruik God hier 2 keer Jahwe? God kom maak dit duidelik dat die God (Jahwe) wat hom in Eksodus 3 geroep het dieselfde God (Jahwe) is wat nou met hom praat.

Die woord “Jahwe” word in die teologie genoem die tetragrammaton. Dit is ’n woord met vier (tetra) letters.

יהוה

Hebreeus gebruik nie klinkers nie, maar net medeklinkers. Die Jode is baie ernstig oor die derde gebod wat sê mens mag nie God se naam ydellik gebruik nie en hulle het dus nooit God se naam uitgespreek nie, maar altyd ’n alternatiewe woord gebruik, soos Jahwe of Jehova of Adonai.

Daar was 'n geleentheid wat Moses die moed gehad het om God te vra wat Sy naam is. God was genadig genoeg om te antwoord, en die naam wat Hy in die oorspronklike Hebreeus gegee het, was “YHWH”. Met verloop van tyd het ons 'n "a" en 'n "e" bygevoeg om die woord Yahweh te vorm omdat die woord makliker uitspreek met vokale.

Geleerdes en rabbi's sê die letters "YHWH" verteenwoordig asemhalingsgeluide. Wanneer God se naam dan sonder vokale uitgespreek word, klink dit soos asemhaling: YH (asem in), WH (asem uit).

Ons sou dus kon sê dat al ons oomblikke as mens eintlik gedoen word in en deur die teenwoordigheid van God:

- 'n Baba se eerste huil, hul eerste asemteug is ’n uitspraak van God se naam.
- ’n Diep sug, ’n kreun of seer uitroep wat te swaar is vir woorde word ’n uitroep van God se naam.
- Wanneer ons ons laaste asem uitblaas is dit ’n uitspraak van God se naam.
- Ons eerste asemteug en ons laaste asem uitblaas getuig dus dat God ons hele lewe omarm.

God omvou elke emosie wat ons beleef:

- As ons swaar sug wanneer ons harsteer is,
- As ons met vreugde voel of ons longe wil bars.
- As ons in vrees ons asem ophou en stadiger moet asemhaal om ons te help kalmeer.
- As ons op die punt staan om iets moeilik te doen, haal ons diep asem om moed te vind.

Elke oomblik wat ons asemhaal gee ons direk en indirek lof aan God [Jahwe].

Iemand het dit so mooi gestel: As god ’n yskas sou hê sou jou foto een van sy yskas magnete gewees het.

Die wonderlike goeie nuus vir ons as Nuwe Testament christene is dat ons in die teks die outobiografie van God vind en dat ons in die Nuwe Testament lees hoe die outobiografie voltooi word as die Nuwe

Testament skrywers vir ons die biografie van die dood opteken. Ons sou dit kon noem:

Die biografie van die dood: Die dag toe dood doodgemaak is.

Die God van Eksodus 34 is genadig en regverdig en Hy sien geen sonde oor nie. Daarom lees ons dat Hy sy eie seun gee sodat ons sy genade en liefde kan beleef.

Sy seun word gekruisig en sterf ’n aaklige dood, maar dan staan hy op en oorwin die dood. Die dood is doodgemaak.

Met elke asemteug erken ons dat God Jahwe is:

Eksodus 34:6-7
6. Die Here het reg voor hom verbygegaan en uitgeroep: “Die Here, die Here, Ek is ’n barmhartige en genadige God, geduldig, oorvloedig in troue liefde en waarheid, 7. wat troue liefde vir duisende bly handhaaf, wat skuld, oortreding en sonde vergewe ...